

Antjie Krog: "Country Of My Skull".

1. Iemand wat in nabetrugting, self sê, dat sy baie leuens oor die waarheid vertel het, in hierdie boek, verdien om ernstig opgeneem, en gelees te word. Dit is wat Antjie Krog se van haar werk oor, en ervaring van die Waarheid en Versoenings Kommissie [WVK]. Hierdie is n baie belangrike stuk werk, en tyd en ruimte ontbreek my om reg te laat geskied aan die kompleksiteit en geldigheid van die probleme wat sy aanspreek. Sy skryf provokatief, meelewend, hartstogtelik en ook analities oor die teenstrydighede, gevoelloosheid, betrokkenheid, skynheiligheid en onvoorstelbare waagmoed in die SA situasie. En sy skryf in n bekoorlike Afrikaanse-Engels.

2. Antjie Krog is nie n ANC of WVK "groupie" nie; hierdie boek is bewys daarvan. Sonder om eers te probeer om al die tekortkominge te verdedig, en die teenstrydighede te besweer, gee sy n insig in die werking van die WVK, en die mense op hom, en wat voor hom verskyn, wat n klein deursnit is van die SA samelewing: sy groepe en sy mense, hulle vooroordele, gebrek aan versoening, grenslose groothartigheid, kleinlikheid en waardigheid, wat mens net instinktief laat voel: "nou praat jy die waarheid". Maar dit is nie die waarheid van die WVK. of die howe nie; dit is die waarheid van deurleefde ervaring wat aangrypend, en ingrypend aan die leser oorgedra word. En sy doen dit deur skromeloos haar eie vooroordele te paradeer; hierdie is nie n onbetrokke relaas nie. Daarin le beide die aantreklikheid en irritasie.

3. Genoeg lofliedere, al verdien die werk nog meer. Alec Boraine, Visie Voorsitter van die WVK, is n goeie, en gewaardeerde vriend van my. Ek het nog selde iemand geken, wat oor die hele spektrum heen, so n verskeidenheid van mense aanstoot gee; ek kan dit nie kleinkry nie. Maar hy weet, en nog so n paar ander, dat ek van meet af aan, nie n aanhanger van die WVK was nie. Ons het lank en dikwels gesels, en verskil, oor die uitgangspunte wat die bestaan van die WVK sou motiveer het. Die Tussentydse Grondwet se in soveel woorde dat die grondwet, die grondslag vir die mense van SA le, om die verdeling en konflik van die verlede te transendeer. Ek skat swaarwigtige politici moet sulke dinge se as n grondwet pas klaar beding is. Maar dan gaan dit aan en se, omdat ons nou die grondwet het, ons al hierdie probleme kan aanspreek op die basis dat ons n behoefte het aan begrip, nie wraak nie; vir herstel en nie reaksie nie, vir "ubuntu" en nie viktimisasie nie. Die instrument wat ons gaan help om dit te bewerkstellig is die WVK. Net hier skroef my

verstand heeltemal vas,soos n enjin wat "gecease" het.Daar is,en was nog nooit, vir my n voor-die-hand-liggende verhouding tussen waarheid en versoening nie;of versoening en geregtigheid,of demokrasie en ekonomiese groei,of mense regte en wet en orde,of modernisme en tradisionalisme,of die skep van werksgeleenthede en die beswering van armoede nie.Hierdie mag almal lofwaardige en navolgingswaardige beginsels wees,en ek glo so,maar hulle verwesenliking en versoening in die praktyk is n helse moeilike ding.Om te werk met die veronderstelling dat waarheid met versoening, versoen kan word, deur gewone," klein" mense, hulle storie voor n kommissie, gelaai met geestelikes, maatskaplike werkers,sielkundiges en verloopte politici te laat vertel,doen gewone "common sense", geweld aan.Die "groot manne" het lank voor hulle verskyning, besluit om te lieg, of die waarheid te vermy.Krog self raak toenemend ontnugter,met die reelmaat waarmee waarheid en versoening in die slag bly,en wanneer sy oor elkeen besin, is sy nie op haar beste nie.In die opsig bevestig sy al my vooroordele.

4.Maar oor een ding was ek heeltemal verkeerd tov die WVK: dit was die impak, wat die pogings van slagoffers en aandadiges, om die waarheid te vertel,op die SA samelewing gehad het.Soos Krog dit stel:"because of these narratives,people can no longer indulge in their separate dynasties of denial".Om te lees en te hoor wat Lucas Baba Sekwepere Calata,Dirk Coetzee,William Harrington,Lapsley,Anderson Joyi,Johannes Roos,Tim,Helena,Mananke Sepei,Rita Mazebuko,Zubeida Jaffer,Deborah Matshoba,Sheila Masote,Eunice Miya,Ms. Konile,Joe Seremane,APLA cadres,Elsie Gishi,Beth Savage, Murphy Morobe,Mamasela,DeKlerk en Winnie Mandela se,is om van alle politieke onkunde en neutraliteit gestroop te word.Ons word almal tot een of ander vorm van reaksie gedwing,en bewus gemaak dat ons n gemeenskaplike situasie gedeel het,en deel.Wat ookal dit mag wees,ons onderskeie reaksies word deel van die SA tafereel en skep die bestandele vir versoening, al dan nie.Soos Anderson Joyi sê, toe hulle hom vra hoekom hy sy voorgeslagte opnoem wanneer hy homself voorstel:"they give my story a shadow".Hierdie mense ,en vele ander gee die SA storie n gemeenskaplike skaduwee.Dit is tot die krediet van Antjie Krog,{ en ook Max DuPreez en Jacques Paauw},dat hulle vir ons uitwys hoe ons almal in hierdie skaduwee sit.Om hierdie rede is die WVK. vir my die moeite werd,en ook Antjie Krog se boek.

5.Maar wanneer sy begin gesels oor die "land van haar skedel" raak ek uit pas uit met haar.Hierdie land is in der waarheid n idieele SA waar

versoening en waarheid bestaan; die verlede verwerk is tot n gemeenskaplike bron van strewende na n beter toekoms vir almal; waar eerbaarheid en verantwoordbaarheid deel is van n algemene kultuur, ens., ens. Wie kan met haar stry oor hierdie dinge? Maar dit is die werklike SA waarvan sy moet beweeg na hierdie "land van haar skedel", waarmee ek probleme het. Dié land word deurlopend en herhaaldelik, in simplistiese swart vs wit terme geskilder. In hierdie opsig maak sy mildelik gebruik van sielkundiges wat hulleself as meesters van die kollektiewe onderbewussyn beskou. Miskien omdat ek Jung en Freud as twee van die grootste intellektuele swendelaars van die 20ste eeu beskou, is ek te ongevoelig vir die insigte wat voortvloei van hulle dissippels. Soos Sarte dit in n ander konteks gese het: "they give you little bits of advice, wrapped in silver paper, that stick to your teeth like caramel". Bv. Nomfundo Malaza: "Whites with their selfcentred, selfish capitalistic character have never been able to fathom the essence of humanity.... The notion that people can actually share things, is totally incomprehensible to them". Sean Kaliski raak dikwels dergelyke juweeltjies kwyt. Of Mondli wat met vroomheid beweert dat swartes nie geweet wat steel beteken het voordat die wittes aangekom het nie, en dié het hulle geleer. Daarom glo hulle dit is in orde om te steel van blankes. Krog wroeg, en kasty haarself genadeloos met hierdie swart-wit, wedersydse ontoeganklikheid. Veral na DeKlerk se belaglike voorlegging, voel sy heeltemaal moedeloos: "And suddenly it is as if an undertow is taking me out...out...and out. And behind me sinks the country of my skull like a sheet in the dark.... I shrink and prickle against: Against my blood and the heritage thereof. Will I forever be them—recognizing them daily in my nostrils? Yes. And what we have done will never be undone. It does not matter what we do. What DeKlerk does. Untill the third and fourth generation".

6. Maar verlossing is op hande. Hoe beweeg sy van die land van elke dag na die "land van haar skedel?", van wit na swart en swart na wit?, van "narrative one", {victim}, na "narrative two", {perpetrator}, en andersom? Moet nie hier n institusionele analise van moontlikhede en opsies verwag nie. Hiervan is daar bloedweinig in die werk. Dit is te bgryp, want dit is nie Krog se nering nie. Die smal brug van hoop en verlossing is Tutu. Hy word vir Krog n swart messias en sy verwys dikwels na hom in Bybelse terme: "We sit at his feet; he caresses us; he prays and I just know we're going to be fine; I want to kiss his ring, to touch his dress; because of him, the commission has brought to me these moments of fierce belonging". In hom word al die teenstrydighede van

ons situasie versoen; hy genees ons pyn, en besweer ons verwarring en onkunde, ens., ens. Mens voel verlee om hierdie terrien te betree, amper asof jy per abuis iemand steur wat stiltetyd hou. Jy is nie seker wat gebeur nie, maar jy weet dit is vir hulle belangrik. Dat Tutu 'n man van buitengewone moed, sjarmante persoonlikheid en innemendheid is, is nie te betwyfel nie. Maar sy teologie was nog altyd vir my van die "God is a Dispirin" variasie; 'n veeldoelige placebo. Filosofies vind ek hom stront vervelig en verstommend oppervlakkig. Wat vir Krog die hoogtepunt van die WNK se werk was, Tutu se hantering van Winnie, was vir my die absolute laagtepunt. Waarheid, versoening en geregtigheid, het liederlik in die slag gebly. Krog se eksegeese van hierdie moment is so esoteries, dat net sy, en miskien Tutu dit sal verstaan. Op daardie oomblik het al die "klein" mense wat voor die WVK kom uitpraat het, (ook die voor Winnie) vir my verdwyn in naamlose vergeteldheid. Soos sy self erken: "Peter Storey captured the essence of the case; truth has been trimmed to suit political interests. The mores of streetcorner society and political aristocracy are both contemptuous of legality". Die interaksie tussen Tutu en Winnie was die nuwe politieke aristokrasie in werking. En hoe bekend het hulle nie geklink en gelyk nie! Die "land van haar skedel" is vir my 'n ontoeganklike morele pantomime. Buitendien, ek baklei nooit met iemand oor hulle godsdiens nie; dis 'n mors van tyd. Elkeen soen die beminde op 'n hoogs persoonlike manier.

7. Daar is minder belangrike irritasies. Die "gender" ding: "only woimen have the capacity for endless caring" (Ag Here tog, hoe lank nog?) Die ubuntufisering van die swart mite. (Mildelik aangehelp deur sielkundiges en Tutu). Die algemene vooroordeel teen "manne" en politici: "men with goldframed glasses and the indispensable thick neck" (Eat your heart out Willie Hofmeyr). Die venyn teen "grand ladies" - Sheila Camerer, Koningin Margharetha, Hilary Clinton. (Is hulle enigsinds "grander" as die "ladies" van die nuwe elite?) Die meedoenlose afmaak van Afrikaner stereotipes. (Hier is nou skuld beswering op sy felste. Die tuin van Boerehelde op my tuisdorp word darem te stief behandel.) En so aan. Ek is nie 'n letterkundige nie, en ek sê dit nie met trots nie. Miskien sal hulle hierdie dinge, en die werk, anders takseer. Veral diegene wat aanhangers is van post-modernistiese verdraagsaamheid, mag dit beskou as soveel "narratives" om lekker "memory" te maak. Nouja, ook diè rivier moet ons deur op pad na die lande van ons skedels.

8. Hierdie klein jakkalsies, en Krog se persoonlike kruistog en primordiale behoefte aan verlossing, is nie by magte om die algemene

meriete van die werk op te vreet nie..Dit gee n greep op hierdie land wat onvergeetlik is.Daar is liriese en poetiese beskrywings wat die keel dik maak van emosie.Soos wanner sy praat oor Ladybrand ,die Oos-Kaap en die Vrystaat. Sy sê van die skoonheid van die Volkslied:"It is fragrant inside the song,and among the keynotes of sorrow and suffering there are soft silences,where we who belong to this landscape,all of us,can come to rest.Sometimes, the times we live in overflow with light". Mens voel die opwelling van begeerte om deel te word, om te help strewe na versoening ,hoe onbeholpe ookal..Daar is nog so baie dinge waaroor ek kan gesels oor hierdie boek.Dit is vertelling, poesie en roman,dit is belydenis en analise,maar veral is dit n persoonlike reis op soek na koestering en aanvaarding in die "nuwe SA",die land van haar skedel.Al waarvoor daar nou nog tyd is,is om te se:Lees dit.Dit sal jou verwar,irriteer en inspireer.Net soos SA.

VanZyl Slabbert.